# SURVIVAL 501

## Hoe om isolasie-tyd te oorleef: Staan

***"Soek julle krag in die Here en sy groot mag…"*** **Efesiërs 6:10**

## Inleiding (welcome)

As 'n olifant op jou afstorm, wat sal jy doen?

Kyk na die volgende clip - https://www.youtube.com/watch?v=tlrjVri5oJI van 0:00 – 1:52 - en gesels met mekaar oor julle reaksie.

> Praat oor die kommentaar van een van die lede van 'n toergroep oor die raad van die toergids:
> *"As long as you stay behind me and hold your ground, and do not turn around and run, you're safe…"*
> *"His confidence made me fearless – so I could enjoy the trip…"*

## Skriflesing: Lees Efesiers 6:10-20

Paulus is in die tronk as hy hierdie brief skryf. Hy is dus ook in isolasie of in 'n vorm van afsondering, maar hy gebruik die geleentheid om hierdie gelowiges in Efese aan te moedig.

- **Paulus skryf oor gelowiges se stryd teen die bose** – **v 11-12** - hy vergelyk dit met 'n binne-geveg, *close-combat* waarin ons die heeltyd is. **Daar is die heeltyd 'n stryd**/geveg/oorlog **tussen goed en kwaad aan die gang binne-in** jou en daarbuite - die duiwel is skelm, weet wat ons elkeen se swakplek is… en zoom in daarop.
  Gee vir elkeen die kans om te dink aan die tereinne waar die duiwel julle elkeen aanval/versoek. Wat is jou swak plek?

- En nou die belangriker vraag: **Hoe gaan ons daaroor oorwinning behaal?**

**(1) Iemand anders gaan ons battles fight**, Iemand anders staan voor… Wat wil v 10 vir ons hieroor leer?

> **Lees ook weer Efesiers 1:19**
> **En Efesiers 3:20**
>
> ***Hoe fight die Here ons battles?***

**(2) Trek die wapenrusting aan wat God gee – v 11 en 13**. God wil ons empower/sterk maak om ons te help om te bly staan in ons geloof. Die fokus vir Paulus met die wapenrusting is nie om te baklei nie – maar om jouself te beskerm en in die stryd teen die bose veilig te bly - "to *hold the fortress of the soul"* – want God fight ons battles, Jesus het klaar oorwin.

**Noem die wapenrusting en gesels kortliks oor wat die funksie van elkeen is en wat dit vir ons lewe en verhouding met die Here beteken** :

1.

2.

3.

4.

5.

6.

**(3) Lees v 18-20 - Watter rol speel gebed daarin om ons te help om staande te bly?**

*Sonder gebed help hierdie wapenrusting min – want met gebed bly ek afhanklik van God se krag, van God wat gaan werk. Dit is in gebed dat ons elkeen van die wapenrustings aantrek.*

## Ons uitdaging is: (*works*)

i. Hoe kan ons hierdie wapenrusting prakties aantrek?
(Maw hoe kan ek aan die waarheid vashou...
aan my vryspraak herinner word...
die evangelie verkondig...
my geloof sterker maak...
in verlossing leef...
die Woord meer deel maak van my lewe?)

ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Begin deur eers net vir God **dankie** te sê
2. Dank God dat Hy die **konneksie** met Hom wil regmaak.
3. Dank God vir sy **liefde** vir ons wat nie perke het nie.
4. Dank God vir alles wat Hy vir ons **gee**
5. Vra vir God om julle krag te gee **om te bly staan**

6. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.